

**Donderdag 18 Januarie**

**Skrifgedeelte: Rigters 6:1-10**

**Fokusgedeelte: Eksodus 20:2;  
Heidelbergse Kategismus 34:92**

## “Om dit te doen uit dankbaarheid”

Deur die inleidende woorde van die Tien Gebooie (Eks. 20:2) wil die Here sy volk leer dat hulle sy wet uit dankbaarheid moet onderhou. Dit blyk veral uit die verwysing na die verlossing uit Egipte, die plek van slawerny. In Egipte het Israel baie swaar gekry vanweë die slawediens wat hulle daar moes verrig. Met kastyding is hulle gedryf om te werk. Die farao was 'n harde man wat geen genade geken het nie.

Toe het God hulle van die slawerny verlos. Eers gésel Hy Egipte met verskeie plae wat hulle hoogtepunt in die dood van die eersgeborenes bereik. Daarna lei Hy Israel deur die Rietsee, terwyl Hy die farao en al sy manne daarin verdrink. Nou was Israel nie meer onder die uitwendige heerskappy van die farao nie, maar voluit onder die heerskappy van God. En God openbaar sy heerskappy ook daarin dat Hy sy wette op Sinai aan hulle gee.

Hierdie redding was 'n redding uit genade. Israel het dit nie verdien nie, want ons lees dat daar onder hulle sommiges was wat in Egipte afgode gedien het (Jos. 24:14; Eseg. 20:7, 8). Uit dankbaarheid vir hierdie genadige verlossing moes hulle daarna die wet van die Here met die grootste liefde en ywer onderhou. In hulle gehoorsaamheid aan die wet van die Here moes hulle hul dankbaarheid teenoor Hom openbaar. As Israel nie aan die wette van die Here gehoorsaam was nie, het Hy hulle by herhaling verwytdat hulle ver-geet het wat Hy vir hulle gedoen het toe Hy hulle uit Egipte, die plek van slawerny, bevry het (Rigt. 2:11, 12; 6:8-10; 1 Sam. 10:18). Ons moet verder daarop let dat dit altyd God is wat in sy genade eerste optree en eers daarna die mens. God verlos eers sy volk. Nadat Hy hulle verlos het, stel Hy aan hulle die eis om as sy verlose volk sy gebooie te onderhou.

Nou moet ons in gedagte hou dat Israel se verlossing uit Egipte profeties heengewys het na die verlossing van die geestelike Israel, dit wil sê die ware volk van God – ook ons! – uit alle volke, tale en nasies. Hy het hulle verlos uit die geestelike Egipte van sonde en ongeregtigheid deur Jesus Christus (vgl. Op. 11:8). As Israel God se wet moes gehoor-saam uit dankbaarheid vir die verlossing uit die letterlike Egipte, dan moet ons wat deur Jesus Christus uit die geestelike Egipte van sonde en die ewige dood verlos is, die wet van God eintlik met 'n baie groter dankbaarheid as Israel gehoorsaam, omdat ons deel het aan 'n baie groter en heerliker verlossing. As dit ons gesindheid is, sal dit ook nie vir ons moeilik wees om God se wet te gehoorsaam nie (Ps. 119:70; Rom. 7:22; 1 Joh. 5:3).